

Inhoud God verheerlik Homself deur die evolusie van sy skepping. Die getuienis van Genesis 1 openbaar hoe God alles uit niks geskep het, en toe ontwikkel het tot die lewensvolheid wat vandag bestaan en ons elke dag al meer van leer ken. In God se verbondstrou waarin Hy met volmag onderneem om vir ons God te wees en ons sy kinders te laat wees, herken ons God se volmag waarin Hy alles volgens sy wil maak en ontwikkel. Hy verheerlik Homself deur sy skepping – daarom is die sewende dag deel van die skepping. God se heerlikheid is die voltooiing en vervolmaking van alles wat Hy ontwikkel en onderhou. Vir goddeloses is die hoogtepunt van die skepping die sesde dag, die mens, nie die sewende dag, God se rustige verheuging in sy skepping nie. Alle lewe wat God deur evolusie vorm, getuig van die heerlikheid van God. Goddeloses ontnem God hierdie eer deur in die skepping 'n selfaangedrewe krag en selfgenoegsame bestaanswyse te vind wat hulle “die natuur” noem. In hierdie natuurkrag en natuurlike bestaanswyse sien hulle die mens as die hoogtepunt van alles wat is.

Liturgie 1. Lied 458 verse 1 – 3; Evangelielesing Efe. 2: 4 – 10. 2. Lied 464: 3 en 4. Wetslesing Efe. 4: 17 – 31. 3. Lied 527 verse 1 en 2. 4. Lied 459 verse 1 – 4.

Skriflesing Esegël 36: 24 – 30, Genesis 1: 1 – 2:4.

Teks Genesis 2:2 Op die sewende dag was God reeds klaar met sy skeppingswerk en het Hy gerus na al die werk wat Hy gedoen het.

Tema. God verheerlik Homself deur die evolusie van sy skepping

1. In Genesis twee het ons twee getuienisse oor hoe God Skepper van sy skepping is. Ons het nou die een uit Genesis een gelees. Die ander een is in Genesis 2: 4 tot 25.

Die eerste getuienis oor God se skepping in sewe dae, openbaar God as die soewereine Heerser van alles wat bestaan. Die tweede wys hoe god as grondeienaar van die wêreld sy skepping net soos 'n plaas ontwikkel en bestuur.

2. Hierdie kennis oor hoe God Skepper is, in en deur sy skepping, herken die skrywers van hierdie twee getuienisse deur hulle kennis van God se verbondsverhouding met hulle. Hulle herken God in sy skepping soos hulle God in sy verbond met hulle ken. Dit is in en deur hierdie kennis van God in sy verbond met hulle dat hulle God ook in sy evolusie van sy skepping herken.

Kyk hoe is God hulle God in God se verbond met hulle soos dit in Esegël 36 opgesom word – God laat hulle sy kinders wees deur sy magswoord as God!

God verheerlik Homself deur die evolusie van sy skepping

In die formule “Ek sal” verklaar God met ’n magswoord hoe Hy God is en sal wees vir hulle as sy kinders en verklaar Hy met dieselfde magswoord hoe Hy hulle sy kinders sal laat wees.

Die Here verklaar “Ek sal” julle as my volk uit die goddeloses vergader en my kerk maak, en dan gebeur dit soos God dit met ’n magswoord verklaar. God verklaar dat Hy hulle van sondeskuld en afgodery reinig, en dan is hulle gereinig, omdat Hy so sê. Hy sê “Ek sal” julle ’n nuwe hart gee, julle sondige hart verwyder en maak dat julle my wet onderhou, en dan is dit soos God sê. God verklaar Hy is hulle God en hulle is sy kinders en dan is dit, en gebeur dit soos God deur sy Woord gesê het. God is hulle Vader, hulle is sy kinders, hulle is vergewe en met liefde aan Hom verbind – omdat Hy so sê!

3. Hierdie verbondsverhouding met God is totaal anders as alle verhoudings met God in goddeloosheid en afgodsdienste. Hulle glo hulle kan met God persoonlik assosieer of disassosieer. Wanneer hulle met Hom ’n persoonlike verhouding aangaan, dan deel goddelike lewe en krag met hulle. Wanneer hulle nie met Hom ’n verhouding aangaan nie, dan leef hulle selfgenoegsaam as mense sonder sy goddelike lewe en goddelike krag.

Vanuit hulle verbondsverhouding met God waarin hulle God leer ken het as Hy wat hulle met die magswoord “Ek sal” verlos het, herken hulle die ontstaan van alles in hierdie magswoord van God: laat dit so wees soos Ek dit wil hê!

Elke deel van hierdie getuigenis in Genesis 1 van hoe God sy skepping van een vorm van bestaan na ’n ander vorm van bestaan ontwikkel, wys juis dat niks in die skepping goddeliks is of sy goddelike lewe deel nie, maar alles aards is, van die plante tot die mens. Lewe is ’n skepping van God, nie ’n uitloei van God se goddelikheid in sy skepping in nie.

Alles wat God as skepping deur sy magswoord tot stand bring as skepping, is goed omdat God dit maak volgens sy bedoeling, nie omdat dit goddelik is nie.

Net soos God in sy verbondsverhouding sê hoe Hy God is en ons sy kinders is, en dit is soos Hy sê, net so verheerlik God Homself in die evolusie van sy skepping: dit is, word en ontwikkel tot dit wat Hy sê dit moet wees.

Alles wat is, is soos dit moet wees omdat God sê dit moet so wees. Alles gebeur soos dit gebeur omdat God sê dat dit moet gebeur. God laat die evolusie van sy skepping gebeur volgens sy magswoord: Hy sê laat dit so wees en dan is dit so!

4. In Genesis 1 kry ons die eerste Skrifgetuigenis oor God se evolusie van sy skepping. Wat ’n mens aangryp in hierdie getuigenisse is dat dit nie mites of legendes is soos al die mites en legendes van die skeppings verhale van afgode nie. Hierdie

God verheerlik Homself deur die evolusie van sy skepping

getuigenis wil die skepping beskryf as en volgens skeppingsgebeure volgens die kennis van hoe die skepping, skepping is.

Wat besonders is in hierdie kennis van die skepping in Genesis 1 waarmee God se werk beskryf word, is dat dit so deurdag en korrek is, dat die kern van wat hier beskryf word vandag nog steeds waar is. Al ken ons die skepping met teleskope en mikroskope baie meer omvangryk en in diepte as hierdie skrywers van 3500 jaar gelede, is hulle skeppingskennis in kern nog steeds die waarheid oor die skepping.

Kom ons kyk na God se evolusie van sy skepping in die getuigenis van Genesis 1!

5. Die eerste aankondiging oor die skepping is dat God in die begin die hemel en aarde geskape het. Dit is nie net 'n opsomming in die sin van 'n hoofopskrif vir die hele beskrywing nie, dit is 'n stelling dat in een oomblik alles uit niks gemaak is. Alles uit niks, is in een oomblik daar, maar dit is woest en leeg. Vandag word hierdie skeppingswerklikheid verwoord in die wetenskap met die gebeurtenis wat 'n oerknal genoem word.

En dan skep God lig. Hierdie kennis is al baie keer belaglik gemaak omdat dit voorgehou word dat daar nie lig kan wees sonder sterre nie. Die begrip "lig" wat hierdie gebruik word, beteken in ons taal "energie". Daarom die spanningsvolle verhouding lig en lewe, en donkerte en geen lewe maar leegheid en woesterny. Dit beskryf met fyn waarneming wat vandag nog waar is as die spanning tussen energie en lewe binne die hele kosmos.

Dan die hemelkoepel. Hierdie "gewelf" het hulle waargeneem as die koepel oor die aarde, soos dit vandag nog met die oog waarneembaar is van die een tot die ander horison. Hierdie koepel skep die lewensruimte wat op aarde nodig is deur hemel en aarde te skei. Vandag noem ons dit die osoonlaag, daardie laag wat van ons van die kosmos so skei en beskerm dat lewe op aarde moontlik is.

Hierna sien hy en beskryf hy die skeiding van die watermassas van die aarde en droë grond. Vandag noem ons dit kontinentale drywing, maar dit is nog steeds wat hierdie beskryf word – die skeiding van die grond en watermassa op so manier dat lewe moontlik is in die water en op die grond.

6. Deur sy magswoord as Skepper maak Hy alles uit niks en uit hierdie eerste skeppingstof, vandag word dit name gegee soos helium en ander, word die heelal ontwikkel totdat die aarde 'n ruimte is vir lewe om te begin en te ontwikkel.

Die waarneming om plante eerste te noem is ook 'n fyn waarneming van die lewe en lewensiklusse. Plante uit die aarde! En dan kom die klassifikasie van plante – elkeen volgens aard of soort. Net so fyn is die waarneming van die afhanklikheid van plante

God verheerlik Homself deur die evolusie van sy skepping

se lewensiklusse van die beweging van die son en maan, planete. Die beweging van hierdie planete is die krag vir die afwisseling van plantegroei.

Nog fyner is die waarneming van die lewe van diere. Voëls en vissie word saamgegroepeer en diere en mense word saamgegroepeer. Weer eens is die klem op die skep van verskeidenheid en die oorfloed daarvan – in verskillende klasse. Die groot seediere verwys na dit wat geken is as die “Leviatan”, die bestaan van groot seemonsters en dan die gewone bekende vissoorte in oorfloed. Vandag sal ons hierdie groot seemonsters ken en benoem as dinosourusse.

7. Ook met diere is daar weer al reeds 'n indeling wat ons vandag ken as die indeling van ordes, klasse en families: mak diere, wilde diere en reptiele.

'n Baie belangrike waarneming van diere en mense word gestel in die feit dat God hulle seën. In hierdie vertelling beteken seën dat God hulle die vermoë gee om lewe van een lewende wese oor te dra na 'n nuwe lewende wese. Hierdie kennis van hoe lewe voortgeplant word, word genoem die “seëning” van God.

Hierdie kennis van die skepping in Genesis 1 sowat 3500 jaar gelede, mag ons nie so sien dat hierdie waarneming van die skepping net beperk was tot die gelowiges nie. Wat die getuienis besonders maak is hoe God herken word in die magswoord waardeur Hy alles tot stand gebring het uit niks en dit deur sy magswoord ontwikkel het tot die volheid van die lewe van die heelal mee vervul is.

God het self deur sy magswoord die skepping deur evolusie ontplooi tot die volheid en verskeidenheid van lewe wat vandag geken kan word.

God skep sy skepping deur sy magswoord! God seën sy skepping deur sy magswoord!

8. Hoekom word hier getuig van die sewe dae waarin die skepping gemaak is as die werk op die sesde dag voltooi was?

Dit is die werklike besondere getuienis oor hoe God Skepper van sy skepping is. Die skepping is nie in ses dae voltooi nie, dit is in sewe voltooi, al was die werk al op die sesde dag klaar.

Dit gaan hier oor wat beteken dit dat God gerus het.

“God rus” kan nooit binne hierdie getuienis in Genesis 1 beteken dat God so moeg gewerk was dat Hy na ses dae eers 'n breuk of vakansie moes vat om weer al sy kragte bymekaar te kry nie. Ook nie dat God na Hy klaar geskep het, verveeld was met sy skepping en dit gelos het om self aan te gaan omdat Hy Hom met ander sake gaan besig hou het nie. So 'n opvatting staan lynreg teen alles waarvan die

God verheerlik Homself deur die evolusie van sy skepping

skeppingswerk van God getuig. God se skeppingswerk is moeiteloos, net deur te sê wat Hy wil hê, laat Hy gebeur wat Hy wil hê en laat Hy alles tot stand kom soos Hy dit bedoel om te wees.

Ons mag ook nie dit hier so verstaan dat hierdie rus gaan oor die instelling van die Sabbat nie. Die skepping is nie vir die Sabbat gemaak nie. Dit gaan nie oor 'n motivering dat die Sabbat gevier moet word nie. Dit gaan om te ontdek hoe God Skepper is. God skep en God rus in sy skepping!

9. Om dit te verstaan kan ons weer hoor wat baie van die ou boere in Levubu oor vakansie hou gesê het. U sal nog van hulle wat dit gesê het onthou. Hulle het altyd gesê dat hulle nie na die see of ander vermaaklikheidsoorde hoef te gaan om vakansie te hou nie, want om te boer is hoe hulle vakansie hou!

Wat het hulle met hierdie spreuk gesê?

Met hierdie spreuk het hulle gewys dit is hulle vreugde om besig te wees met hulle boerdery. Dit is nie vir hulle 'n las of moeite nie. Om besig te wees met die boerdery is hulle trots en hulle liefde. Dit is hulle vakansie om rustig besig te wees met die wonderlike voorreg om te kan en te mag boer binne die wonder van die skepping waarin hulle elke dag besig is.

Dit verwoord iets van die diepte van hierdie verklaring dat God op die sewende dag van sy skeppingsweek rus. Bedoelende dat die hele bedoeling van sy skepping is dat Hy Hom in sy skepping verheug en verheerlik in die wyse waarop Hy besig is met sy skepping.

Die hoogtepunt van die skeppingsweek is God wat Homself verheerlik in en deur alles waarmee Hy Hom nou as Skepper besig hou. Alles wat God maak vind hulle voltooiing en volmaaktheid daarin dat God Homself besig hou met sy skepping.

Sy skepping is sy vreugde, dit is goed omdat Hy so goed is. Dit is sy heerlijkheid en en rus! Wie en wat God deur sy skepping is, is die voltooiing van alles, dit is die bedoeling van elke geskape ding binne die hele skepping.

10. Daarmee word ook die werklike verskil met alle goddeloosheid en afgodsdienste in hierdie sewende dae skeppingsweek aan die orde gestel. Die sewende dae was en kan nooit 'n tydsbegrip wees vir die duurtel van die ontstaanstyd van die skepping nie. Dit sewende dae skeppingsweek is bedoel om te wys dat God deel is en bly van sy skepping en waarin die skepping in sy onderhouding sy voltooiing, sy vervolmaking vind.

Die skepping vind sy voltooiing en volmaaktheid in God wat elke dag Homself besig hou met sy skepping. Dit is die bedoeling van elke skeppingsdag. Hy verheerlik Hom en verheug Hom as God in sy skepping.

God verheerlik Homself deur die evolusie van sy skepping

Mense se skeppingsopvatting eindig altyd op een of ander manier op die sesde dag – die mens is die hoogtepunt van die skepping! Dit is teen die hele getuienis van Genesis 1. Die hoogtepunt van die skepping, self 'n dag binne die skepping, is God se rus, sy besig wees as Here met sy skepping. Hy is die hoogtepunt van die skepping, nie die mens nie.

Daarmee word die werklike verskil ook tussen die insig wat gelowiges in die skepping het, en goddeloses se opvatting oor dit wat hulle vandag “die natuur” noem, die duidelikste openbaar. Die hoogste punt van goddeloses se “godlose natuur”, se selfaangedrewe natuurkrag en selfgenoegsame bestaan – is die sesde dag, die mens!

Dit is wat volgens die ongelowige opvatting van evolusie as 'n selfaangedrewe krag van die natuur en 'n selfgenoegsame bestaan van die natuur geglo word: die mens is die hoogtepunt van die natuur. Hierdie geloof in die mens se selfaangedrewe en selfgenoegsame natuur, is teen alles wat God deur sy skepping openbaar. God is deel van sy skepping, Hy werk nie en gaan weg nie, sy rus is deel van die skeppingsweek. Hy is die Here van sy skepping en die skepping vind in God se evolusie van sy skepping, die hoogste stemming daarin dat dit is soos God dit maak om te wees. Evolusie is hoe God rus. Dit is hoe Hy besig is om Here van sy skepping te wees.

11. Wat is daar in ons kennis vandag van die skepping se evolusie wat vir ons 'n probleem is?

Evolusie is die wyse waarop God geskep het volgens die Bybel se getuienis van die skepping al reeds in Genesis 1! Dit wat ons vandag ken as die ontwikkeling van lewe binne die skepping, is al in Genesis die seën van God genoem. Die ontwikkeling van eers plante tot die mens, is deel van die vertelling van die skeppingsgetuienis in Genesis 1. Eers alles uit niks, dan energie vir lewe, dan veilige ruimtes vir lewe en dan begin die lewensvolheid van God se skepping in 'n oorfloed van 'n verskeidenheid van ordes en klasse van voëls, diere en die mens

Nou wat is dan die probleem met evolusie?

Dit is nie dat ons as gelowiges teen die kennis van hoe God sy skepping seën kan wees nie. Die eerste getuienis in die Skrif oor hoe God skep openbaar God al reeds as die Here wat deur evolusie Homself as Skepper verheerlik.

Die probleem is en bly altyd net mense se verbintenis tot die Here wat Homself deur die evolusie van sy skepping verheerlik.

God verheerlik Homself deur die evolusie van sy skepping

Dit sien ons vandag in die godloosheid van mense wat voel hulle ken die skepping so goed dat hulle weet dat die skepping nie 'n Skepper het nie. Dan gebeur hierdie absurde dat hulle ons as gelowiges met 'n gogga wat een of ander verandering ondergaan het, weens hulle isolasie op 'n eiland of kontinent, konfronteer op so manier dat die verandering van hierdie gogga of diertjie 'n bewys is dat die natuur van self verander – selfaangedrewe en selfgenoegsaam bestaan sonder God wat Here is!

Dit is nie hierdie diertjie, en sy besonderheid, wat wys die natuur is nie 'n skepping deur 'n Skepper nie, maar 'n selfaangedrewe en selfgenoegsame “natuur” nie. dit is nie hierdie diertjie wat bewys dat evolusie 'n godlose natuurkrag is nie. Dit is die goddeloosheid van hierdie mens wat die heerlijkheid van God in sy skepping ontken en onderdruk.

Elke vorm van evolusie getuig dat God goed is vir sy skepping en dat Hy die Here is wat sy skepping vorm en dit sy vreugde maak om sy skepping te seën.

12. Dit is ook hierdie persoonlike verhouding wat mense met God probeer leef wat maak dat hulle die Here van die evolusie ontken.

Die bedoeling van al hierdie tipe verhoudings met God was en sal altyd wees om deel te wees van die lewe en krag van God, om goddelik te wees en nie aards soos God mense gemaak het nie. Dit is hoe dit vir 800 jaar lank en meer vir Israel gewerk het. Hulle wou deel van die vrugbaarheid van die god Baal wees en daarom het hulle hul self ingeleef in die krag, die lewe en die vrugbaarheid van bulle. Om so vrugbaar soos 'n bul te wees, is hoe hulle hul self persoonlik met God geïdentifiseer het.

Vir hulle wat God se krag en lewe as hulle eie krag en lewe ervaar, is alle kennis van God se skepping 'n totale bedreiging. Want elke deel van God se skepping getuig dat Hy die soewereine Here van die skepping is en nie die tipe god is met wie jy persoonlik jouself kan identifiseer nie. Sy skeppingskrag en die heerlijkheid van sy magswoord kan nooit die krag en mag van 'n mens wees nie.

Wie nie God ken as die Here van sy verbond nie, Hy sê wie Hy vir my is en wie Hy my vir Hom sal laat wees, en dit is soos Hy in sy magswoord verklaar nie, kan nie die heerlijkheid van God in sy skepping herken nie. Die heerlijkheid van God wat alle lewe skep deur sy magswoord en dit deur sy magswoord ontwikkel, ontmasker dat hulle selfgemaakte god bestaan nie.

Daarom probeer hierdie geestelikes die Bybel gebruik om hulle teen die kennis van die heerlijkheid van God as Skepper van sy skepping te verweer. Vir hulle kan God nooit die Here van die evolusie van sy skepping wees soos ons elke dag weer en weer, en meer en meer dit uit sy skepping ken nie. God mag vir hulle nie so groot en

God verheerlik Homself deur die evolusie van sy skepping

heerlik wees, so goed wees dat Hy deur evolusie sy skepping met lewensvolheid vul nie. Hy moet die god van hulle persoonlike assosiasies wees.

13. God is soewerein besig met sy skepping, Hy rus in sy skepping. Rustig besig om alles wat Hy maak te laat wees soos Hy dit bedoel om te wees. Rustig besig om die skepping te ontwikkel en tot die volheid van alles lewensvorme te ontplooi.

Alles getuig van die heerlijkheid van die sewende dag: alles behoort aan God, alles word gemaak deur God. God besit alles en sy heerlijkheid is die voltooiing van alles wat is.

Elke lewende organisme wat God deur evolusie maak en laat wees wat dit is – getuig daarvan.

God is goed en sy skepping is goed!

Kom ons verheerlik Hom!

van 2 dae wees nie